**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXV — VRYDAG 12 JUNIE 1970 — NR. 8

J. Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE**
**DIE FIETSWINKEL**

# VERENIGINGS STEUN SENTRAAL AKADEMIESE BESTUUR

## *Duikweg vorder*



Werk aan die deurgang onder die spoor vorder fluks. Daar word gehoop dat dit vroeg in die tweede semester opgestel sal word. (Foto: Ben van der Walt)

## Voorsitters se menings

**DIE STIGTING van 'n Sentraal Akademiese Bestuur begin groter steun van die akademiese verenigings op die P.U.-campus te kry. Verenigings wat deur Die Wapad genader is, was in beginsel ten gunste van die S.A.B., alhoewel sommiges sekere voorwaardes gestel het.**

Die Regsvereniging het verlede Dinsdagaand sonder 'n enkele teenstem ten gunste van die SAB gestem nadat die S.R.-voorsitter, mnr. Johan Kruger hulle toegespreek het. Hierdie vereniging het besluit om voorwaardelik vir een jaar toe te tree, met behoud van hulle wapen, selfstandige finansies en die reg om funksies te reël.

Voorsitters van die Teologiese, Maatskaplike Werk-, Ekonomiese Huishoudkunde die Aptekersvereniging het hulle ook in beginsel ten gunste van die bestuur uitgespreek alhoewel sommiges sekere voorwaardes gestel het.

**Behoefte**

'n Tyd gelede het die Studenteraad 'n voorstel gemaak om die moontlikheid van 'n Sentraal-Akademiese Bestuur te ondersoek, waardeur akademiese verenigings aan die P.U. gekoördineer sal word. Daar is reeds 'n vergadering gehou tussen die S.R.-voorsitter, mnr. Johan Kruger, en die voorsitters van die verskillende akademiese verenigings, waar sommige voorsitters die gedagte van so 'n Sentraal-Akademiese Bestuur in beginsel goedgekeur het. 'n Verslag hieroor het reeds voor die Studenteraad gedien.

Die motivering vir die stigting van 'n Sentraal-Akademiese (S.A.-B.) spruit uit die behoefte wat by studente bestaan om ook vanuit hul akademiese sfeer studenteraadsverteenwoordiging te geniet. So 'n sentrale bestuur is die aangewese weg om op ordelike wyse aan studente „inspraak" te verleen in akademiese aangeleenthede. (Daar is voorgestel dat elke vereniging op die sentrale bestuur verteenwoordig word deur twee lede uit homself aangewys, en vanuit die sentrale bestuur word drie Studenteraadsverteenwoordigers aangewys deur **alle** stemgeregtigde lede van alle verenigings.)

★ *Vervolg op bladsy 6*

## Daar he'jy dit



**Met „kleurbaadjiedag" Vrydae, wat van „kom net soos jy is" dag, Woensdae.**

## S.R.-voorsitter:

# U.O.V.S. - BLAD WIL TWISPUNT BEWERKSTELLIG

**„'N MENS KRY die indruk dat in beide die berigte in die Irawa doelbewus gepoog word om 'n middelmatige saak tot 'n twispunt aan te blaas, terwyl die volle feite ook nie weergegee word nie", het mnr. Johan Kruger, S.R. voorsitter, na aanleiding van berigte in die laaste twee uitgawes van Irawa, studentekoerant van die U.O.V.S., gesê.**

Die een berig het gegaan oor die beweerde optrede van Pukstudente tydens 'n minijool van studente van U.O.V.S. op Welkom op 25 Mei. Pukke het glo die geleentheid misbruik om Pukkies onder die vaandel van U.O.V.S. te verkoop. Die berig sê verder dat die Pukke 'n hindernis was vir die drompoppies deur saam met die jooloptog te beweeg en dat mnr. F. Hancke, voorsitter van U.O.V.S. se joolkomitee, 'n „klagstaat" sou opstel oor die „onbedagsame optredes van die P.U. studente".

**Nie volle feite**

In die daaropvolgende *Irawa* word berig dat mnr. Kruger tydens die S.R.-besoek aan U.O.V.S. om verskoning gevra het oor die misverstand wat tydens die minijool op Welkom plaasgevind het. Die berig lui voorts: „Volgens mnr. Kruger het die Pukke nie doelbewus daardie dag joolblaaie verkoop nie; nogtans betreur hy die ongerief wat die Kovsies aangedoen is".

Mnr. Kruger het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat die berigte in die Irawa nie die volle feite weergee nie. Daar word nêrens melding gemaak van die feit dat U.O.V.S. hulle nie gehou het aan die datums vir die verspreiding van hulle joolblaaie wat hulle op samesprekings tussen Jool- en Karnavalvoorsitters genoem het nie.

**„Die misverstand oor die verspreidingsdatums is deels toe te skryf aan die inligting van U.O.V.S. waaraan hulle hulle nie gehou het nie en hierdie feite het ek genoem tydens ons besoek. Ek het ook gesê dat indien daar wel Pukstudente is wat tydens die jooloptog in Welkom Pukkies verkoop het op 'n wyse soos deur hulle beweer, ons baie jammer is daaroor, maar dat dit tog ooglopend is dat so iets nie van amptelike weë so beplan kon gewees het nie", het mnr. Kruger gesê.**

**„Toestemming"**

Hy het bygevoeg dat hy tydens die S.R.-besoek gesê het dat die toon waarin die brief van die joolkomitee geskryf is, nie bevorderlik kan wees vir die verhouding tussen die twee universiteite nie. „Ek het gewys op die stelling in die brief dat ons „toestemming" by U.O.V.S. kon vra om in die Vrystaat Pukkies te verkoop, en gesê dat, alhoewel wedersydse samewerking oor verspreidingsdatums sterk aan te beveel is, so 'n standpunt ooglopend te ver gaan".

Hierdie feit word nie in die Irawa-berigte genoem nie.

**Mnr. Kruger meen dat daar baie positiewer resultate kan voortvloei uit 'n waardige inkennisstelling van sodanige voorvalle as 'n aanmatigende „eis om verskoning".**

## STUDENTEMENING



**Met Republiekdag pas agter die rug, gee mnr. Johan Schutte sy mening oor die viering van Volksfeeste. Mnr. Schutte is 'n vierdejaar regstudent en voorsitter van A.B.K.K. Sy mening verskyn op bladsy 4. (Foto: Fotokuns)**

# *Spuitfontein doen Calvyn oneer aan*

TOG snaaks hoe 'n mens iets siende blind nie sien nie. En op 'n dag as jy hom wel sien, en met opregte belangstelling van naderby 'n opname wil maak, dan skrik jy so effens vir dit wat jy sien. Die verteenwoordiger van die Wapad het so 'n ervaring gehad.

Die pad voor Klawerhof en Kulu verby campus toe, is aan elke student bekend. (So terloops — onthou julle ons leesboek in Sub-Langoor, Kulu en daardie ou sous? A: Sus, Daan, Kiet, Oom Jan, Boef, Nou wonder ek of Langoor nie 'n die vervolg nie. Dit klink ten beter naam vir Kulu sal wees in minste manliker!) Onnodig om te sê, die pad loop by die Calvynfontein (Fontein???) verby.

Dis toe die Calvynfontein wat nou die dag die aandag trek. Calvynwat 'n mooi gedagte. Rig vir die man ietsie op. Met spuitfonteine (dit simboliseer seker die bruiskrag van Calvinisme) en ligte-pragtig.

En afgesien van die feit dat hy al gedien het vir die baie doeleindes-meisies versuip, eetgerei berg en selfs plek waar gefrustreerde mans van hul surf ontslae raak, bly sy primêre doel: 'n suil ter ere van Calvyn.

Nou geagte leser klim met die twee trappe langs tot op die wal en blik in die as, of liewer water. Afgesien van die feit dat die ligte nie meer in die aand aangesit word of dat die spuitfonteine nie meer werk nie, lê die gees van Calvyn verstik in die slym en paddaslyk, terwyl derduisende goggas en insekspecies daar krioel.

Is die Puk nie meer as dit verskuldig aan die Calvinisme nie? Nee alle wêreld, kan die huidige plassie groen Calvynwater nie weer in ere herstel word as 'n idilliese fonteintjie met helder water nie?




**Die foto toon duidelik hoe vuil die spuitfontein se water is. (Foto: Ben van der Walt)**

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK



# OOR DIE ONDERDEUR

DIS LEKKER by die see — net koud!

Nouja, ek het geweet dit gaan een of ander tyd kom. Weens 'n gebrek aan slepers (*?§@!) gaan ons vandeesweek so 'n ander ding doen.

Dis 'n vertroulike gesprek met die dames. Die mans wat dit lees, sal dit seker insiggewend vind. Miskien krap hulle gewete so hier en daar.

My liewe rokdraers,

Weet julle presies hoe gevaarlik dit is om te sleep? Mans is snaakse spesies jong! Kom ons kyk bietjie na hulle.

Sleep jy met 'n fisikus? As hy diep in jou ogies kyk, probeer hy maar net die brekingsindeks van jou lense bepaal. Speel hy met jou hare, dan toets hy die elastisiteit daarvan.

As die fisioloog jou vasdruk, is hy besig met 'n asemhalings eksperiment. Neem hy jou hand — vat hy jou pols, en vertel jy hom van die maan wat jou bloed laat bruis, wonder hy of die suurbasis ewewig daarvan reg is!

Is jy die slagoffer van 'n Wiskundige? Maak hom bewus van die sterre, dan sal hy jou so waar as wraggies beduie hoe om die suide te kry deur die langas van die suiderkruis te verleng ens. En sê hy jy het 'n mooi lyfie, is dit bloot net omdat dit hom aan die kurwes van die sin en cos grafieke laat dink! (Want hulle sê mos Wiskunde is mooi!)

As die dierkundige bewus gemaak word van die reuk van rooi rose, dink hy in sy enigheid: heil die ou vrot geformaliende doringhaai!

Nou die skokkendste, of? Hoewel die tokkelok jou *moet*, en tien teen een *sal* laat voel as die enigste, kan hy darem nie help om Salomo se harem te beny nie. Sonde of te not!

Praat nie van die geslepe sielkundiges nie! Pasop, hulle jaag jou die harnas in, want hulle weet haat „swiets" net so om in liefde! Met liefdevolle opmerkinkies word jou reaksies getoets en siedaar! Jy is geklassifiseer as 'n sosiaal wanaangepaste, neuroot, skisofreen of iets, in dier voege.

Die maatskaplike werker neem jou uit met die doel om jou in so 'n mate te verlei, dat jy 'n toekomstige geval vir die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie kan wees.

Die aardrykskundige is agter die aartjies in jou oë aan, wat soos 'n landkaart lyk.

Nouja, ons stop maar hier. My hart word te seer. Ek wonder nou waar kom die volgende ouens in: Sanet Maree, dink jy nog Christo Stassen is wonderlik? (Ek hoop so!).

Oosterhof se H.K. is op die „bal". Hoor net hier: *Yolanda Jordaan* se hart sit pens en pootjies in Johannesburg. Daar is glo 'n ou met die naam van *Okkie*. *Annalies Euser* en *Mattie Gibbs* kap stewig aan. *Estelle Naude* wens stellig Pretoria is nader. Ja nee, as my *Francois Lubbe* ook daar gesit het, het ek sowaar haar wens gedeel! Uit die Persweteskaplike rigting verneem ons van *Hennie Smit* en *Dia-Louise Möller*. *Linda Theron* sal die Himalaja's agterstevoor uitklim, solank *Wim Cloete* bo staan, en as *Bennie* van Viljoenskroon langs hom staan volg *Elna Gouws* sowaar in haar kamermaat se spore.

A, hier's 'n karnavalsleep. Reken, ek het gedink ons gaan duisende van die goed hê. Hierdie is 'n paartjie met die name: *Lucretia Rautenbach* en *Apie Steyn*.

Voor ek vergeet: geluk aan *Marietjie Coertze* van Klawerhof wat verloof is aan ene *Vos Myburgh*.

Ons sal nou hier moet afsluit. Laat dit met julle goed gaan. Ek groet julle vir die laaste maal.

Cheers.

# Volop beurse beskikbaar vir Perswetenskapstudente

**VIR STUDENTE wat in die perswetenskap belangstel, behoort daar geen finansiële probleme te wees nie, het prof. G. Pienaar hierdie week in 'n onderhoud aan die Wapad gesê. Daar is meer beurse vir studente beskikbaar, as wat daar studente is.**

Die Nasionale pers waaronder Die Burger, Die Volksblad en Die Oosterlig ressorteer, stel o.a. beurse van R400 per jaar beskikbaar. Hierdie beurse word toegeken aan persone wat bereid is om later by hulle in diens te tree. Skakeling kan direk met hulle gedoen word en hulle keur self beurshouers. Die tydperk wat 'n student verpligtend by hulle in diens sal moet tree, is gewoonlik ± drie jaar.

**Vakansiewerk**

Die Afrikaanse Pers, waaronder Die Vaderland en Dagbreek, stel jaarliks nege beurse beskikbaar aan studente wat reeds die eerstejaar voltooi het, hierby word ingesluit vakansiewerk teen vergoeding.

Deur die Voortrekkerpers, of te wel Die Transvaler, word ook twee beurse ter waarde van R300 beskikbaar gestel, die groep is op die oomblik besig met oorwegings met die oog op addisionele beurse.

**Verdere beurse wat prof. Pienaar net kortliks genoem het is: 'n W.N.N.R.-beurs en staatsdiensbeurse. Gerugte doen verder die rondte dat die Staatsinlingkantoor oorweeg, om aan te vra dat staatsdiensbeurse spesifiek beskikbaar gestel moet word aan persone wat by staatsinligting in diens kan tree.**

Verskeie reekse nagraadse beurse is beskikbaar. Hieraan is ongelukkig die voorwaarde verbonde dat die studie voltyds sal wees. Iets waarin meeste mense geïnteresseerd sal wees, is dat die meeste van bogemelde plekke, studente graag betrek vir vakansiewerk, en sulke vakansiewerk tel dan ook vir ervaring.

# FLORNA LAAT DIE KAMPVURE HOOG BRAND

**DIE UITSTAPPIE van Florna na die Magaliesberge tydens die langnaweek aan die einde van Meimaand was onvergeetlik. Die vyftig Pukke het die tydjie in die vrye natuur wel deeglik uitgebuit en geniet. So veel so dat die klomp dit sterk oorweeg het om die Dinsdag se klasse af te gee om maar nog 'n bietjie langer te kon bly.**

Niemand het verwag dat die terrein so onbegaanbaar sou wees dat die Studenteraadsbus 2 myl van die kampplek moes stop nie. Dit was egter net die regte medisyne om so kamp mee te begin, veral toe die dames alleen die 2 myl na die kampplek moes stap in die donker met slegs een flitsliggie.

**Jakkalse blêr**

Jakkalse het oral in die duisternis geblêr volgens hulle (die eienaar van die plaas is 'n groot skaapboer) en eenkeer het 'n verskrikte tortelduif hulle ook almal op 'n bondel gehad. Danksy die voorspan het die kampvuur lustig hoog gebrand met die aankoms by die kampterrein en was die aandete nie lank daarna gereed vir die moeë mans wat die tente vir die dames moes opslaan nie.

Die Saterdag het die hele groep in die kloof gestaptoer en was dit vir jou 'n ding om die fietse Pukdames te sien kranse klim. Die beloning was dit egter werd — die boonste waterval. Uitgeput en moeg het die groep die aand om die kampvuur gesit en geskaterlag vir die spontane kampvuur konsert.

**Feesredenaar**

Sondagoggend half nege was daar 'n kort kerkdiens in die enigste sonkol so vroeg in die oggend. Die res van die dag kon die groep doen wat hulle wou en was die aantrekkingskrag van die kloof onweerstaanbaar. Menige Puk het hom met stywe ledemate en al weer die kloof in begewe.

Wie het gesê dat die Pukke nie ook Republiekdag sou vier nie. Daar was tot selfs 'n feesredenaar en die treffende boodskap sal deur die Magaliesbergers nog lank onthou word, om nie eers te praat van die militêre magsvertoon van die plaaslike erewag nie. Daarna was die groep bestem vir hoër dinge — hulle het gaan bergklim.

Na heerlike vrugteslaai, geurige braaivleis en 'n lang stap terug na die bus, het die Pukke met aangename herinneringe na die beskawing teruggekeer vas van plan om die volgende uitstappie weer mee te maak.

# UIT DIE STUDENTEPERS

**Natal:**

Hier is 'n plan bedink om die lakses van die kampus tot aksie te motiveer. 'n *„Happening week"* is gehou. Die doel was om studente aktief by universiteitsaangeleenthede te betrek. Bespreking het studenteregering, studentebeheer oor die studente-unie en studentemaatreëls gedek. Die organiseerders was teleurgesteld. Gemiddeld 250 studente het die vergaderings bygewoon. Dit werk nie. 'n Happening is 'n happening. Basta met die politiek.

**Wits:**

Die Witsies jubel. Hul protesoptog teen die aanhouding van studente sonder verhoor, het landswye simpatie uitgelok. In Kaapstad het studente 'n verbod van die munisipaliteit geïgnoreer en dwarsdeur die stad marsjeer. Studente in Durban was meer realisties, hulle het van huis tot huis gegaan om steun vir vreedsame betoog te kry. Sou betoog deesdae die sleutel tot kontak wees?

**Tuks:**

Tuks sit lekker agteroor na die intervarsity. Mnr. S. van Schoon, Tukkie-dirigent, noem dit „die beste intervarsity in jare". Daar is nie eens 'n bierblik na hom geslinger terwyl hy die Witsies gedirigeer het nie. Wonderlik. Die geskil oor die toekoms van hierdie intervarsity? Strydbyl begrawe?

**UOVS:**

Die gebeure in Kent, Ohio lok steeds reaksie uit. Roelf Meyer, UOVS se S.R.-voorsitter laat hom in IRAWA van 22 Mei sterk hieroor uit. Hy keur alle betoging op grond van die Christelik-nasionale lewensbeskouing af. Dit maak nie saak watter motief daaraan ten grondslag lê nie. Hy kan betoog as vorm van protes nie goedkeur nie. Vraag is, is daar vandag 'n ander middel om aan protes uiting te gee? Studente in San José, V.S.A., dra nou pakke en sny hul hare om binne die „establishment" vir vrede te werk. Die tyd sal die effektiwiteit van hierdie metode moet bewys.

**Matieland:**

*Na my mening* is 'n rubriek in Die Matie waarin studente hul mening oor aktuele sake lug. Leopold Scholtz laat hom in die Matie van 22 Mei oor die rassebeleid uit. Mnr. Scholtz stel die vraag of ons rassebeleid nie gevaar loop om te misluk nie. Na 'n noukeurige analise beveel hy die volgende aan om ons rassebeleid te bevorder:

(i) die ontwikkeling van die Bantoe-tuislande moet versnel word.
(ii) die Bantoe-tuislande moet vergroot word.
(iii) die blankes in die land moet van nie-blanke arbeid afsien.

Bravo vir die mense op die Akker wat dink en nie bang is om te sê wat hulle dink nie.


# VAKANSIEWERK
## - Junie & Des./Jan.
### HOU VAKANSIE IN WERKSTYD OF WERK IN VAKANSIETYD?

Vir 'n student om gedurende die vakansie te werk is nie meer 'n rarigheid nie. Die verkoop van „Besems" is een van die meer bekende vorms van verkoop. Die bestuur van bg. verkope besigheid het dit goed gedink om eerstens die naam van SPRINGBOK DIST. te verander na PRETOR DIST. en tweedens nuwe bloed in die vorm van nuut ontwikkelde produkte aan te bied.
Die Desember vakansie het daar weer 'n groot klomp borselmanne die moed bymekaargeskraap en vir PRETOR DIST. goedere gaan verkoop.
Dit was veral verblydend om die groot klomp MATIES wat kom aansluit het se gesigte te sien. 'n Matie, t.w. Willie van Straaten, het ook met die louere weggeloop deur die hoogste verdienste te behaal (R1,014.00). Aan hom sê ons baie geluk en ook 'n woord van dank aan al die manne wat hulle gewig kom ingooi het. Ons sou graag elkeen afsonderlik en by name hier vermeld het, maar ongelukkig is dit nie moontlik nie. Graag vermeld ons hier die name van 'n paar manne wat goed presteer het:

| | |
|---|---|
| Piet Bezuidenhout (Maties) | R 423.00 |
| Hennie Smit (Maties) | R 542.00 |
| Herman Stutzer (Tuks) | R 444.70 |
| Barry Kotze (Maties) | R 510.35 |
| Danie Swanepoel (Tuks) | R 508.20 |
| Lieb van der Walt (Potch.) | R 485.00 |
| Attie Viljoen (Maties) | R 637.00 |
| Francois Olivier (Tuks) | R 419.15 |
| Andre van der Merwe (Maties) | R 593.00 |
| Willie van Straaten (Maties) | R1014.00 |
| Pieter Pretorius (Tuks) | R 536.05 |
| Frans Brink (Maties) | R 442.70 |
| Johan Roux (Tuks) | R 678.00 |

Hiermee word dan ook 'n uitnodiging gerig aan mans-studente om te skryf aan die Bestuurder indien hulle sou belangstel in die werk gedurende die komende Julie-vakansie.

PRETOR DIST.,
Posbus 2015,
PRIMROSE — TVL.



**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**

Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag

Kollektante in koshuise

# DAARDIE EERSTE PERIODE...




Geniet

WILLARDS-SKYFIES

Asook

KAASKRULLE, FLINGS, SPRINGMIELIES, en

KOLLEGE DIENSSENTRUM

Studente ! !

Julle ken almal Oom Chris Coetzee



Oosterhof se asters het hierdie keer gesorg vir ons teekanfoto. Dit lyk nie of almal gereed is vir sleeptyd nie. (Foto: Ben van der Walt)



Klawerhof en Oosterhof in hul hokkiebotsing verlede Saterdag.

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074



Where had all the flowers gone? Cornell Moll se welbekende motortjie loop nie meer nie. (Foto: Ben van der Walt)



Mej. E. Grundlingh, dosente in Psigologie, besig met die Aurelle-apparaat wat in die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing gebruik word om hakkelaars te help. Dit is die enigste van sy soort in die Republiek.

LUUKSE AKKOMMODASIE VIR STUDENTE

Moderne 3-verdieping gebou om huisvesting aan studente vanaf vroeg aanstaande jaar te bied, gaan binnekort deur 'n privaat-maatskappy op 'n perseel op die hoek van Molen- en Borchertstraat, op die Bult opgerig word.

Voorsiening sal gemaak word vir die huisvesting van nagenoeg 70 studente in luukse gemeubileerde enkel- sowel as dubbelkamers. Afgesien van 'n wasbak in elke kamer, sal sentrale badkamers asook sit- en ontvangslokale en tee-kombuise beskikbaar wees.

Onderhandelings word tans gevoer met met die oog op die moontlike voorsiening van etes in 'n sentrale eetsaal.

Studente wat belangstel om vanaf 1971 in hierdie gebouekompleks in te woon, moet onderstaande vraelys voltooi, en so spoedig moontlik terugbesorg aan:

DIE SEKRETARIS,
Molenstraat Beleggings (Edms.) Bpk.,
Posbus 20048,
Noordbrug,
POTCHEFSTROOM.

VRAELYS

Naam: Mnr./Mej./Mev. ..............................

Huwelikstatus: Getroud ☐ Ongetroud ☐

Huidige adres: ..............................

..............................

Telefoonnommer: ..............................

Plaas asseblief (sonder enige verpligting) my naam op 'n waglys vir:

| | | BERAAMDE KOSTE PER PERSOON |
|---|---|---|
| (1) | 'n Enkelkamer | ☐ ± R20-00 per maand |
| (2) | 'n Dubbelkamer | ☐ ± R15-00 per maand |
| (3) | 'n Motorparkeerplek | ☐ ± R 5-00 per maand |

die WAPAD

VRYDAG 12 JUNIE 1970

# Die instelling van die SAB

Die behoefte aan 'n stigting van 'n liggaam waarop akademiese verenigings aan die Puk verteenwoordig is, word reeds lankal gevoel. Die studentemassa het hierdie stap dan ook reeds vroeër in beginsel goedgekeur.

Indien die groei van die Puk se studentegetalle oor die laaste paar jaar en die verwagte groei en die toekoms in gedagte geword, is hierdie stap nie alleen geregverdig nie, maar miskien ook een wat nie langer uitgestel kan word nie. Studente is in die eerste plek op universiteit om hulleself akademies te onderlê en 'n kanaal is dus noodsaaklik waardeur hierdie primêre belang van hulle op hoër vlak behartig kan word.

Die beginselgrondslag waarop die P.U. vir C.H.O. hom stel, bied verder 'n gemeenskaplike grondslag vir die studente wat hier onderrig word in uiteenlopende vakrigtings. Deur koördinering en samewerking tussen die verenigings en dus ook die lede van wie hulle verteenwoordigend is, kan hierdie strewe soveel beter nagevolg word.

Alhoewel vakrigtings in sommige opsigte miskien baie uiteenlopend is, is daar ook diegene wat baie in gemeen het. Die verenigings kan dus ook deur hierdie liggaam kragte saamspan en oorvleueling uitskakel. Pogings in hierdie verband was tot dusver miskien nie so suksesvol nie.

Die toevoeging van 'n akademiese liggaam behoort ook soveel meer studente te betrek tot die georganiseerde studentelewe. Dit is so dat die ander hoofliggame se aktiewe lede nie altyd in verhouding met die studentegetalle gestyg het nie. Die toevoeging van 'n verteenwoordigende akademiese liggaam behoort dus soveel meer studente by die georganiseerde studentelewe te betrek en bowe-al die aard van Pukstudentwees soveel beter te dien.

Besware teen die nuwe voorgestelde bedeling was hoofsaaklik dat die onafhanklikheid van verenigings verlore sal gaan. Waar die lede van die verenigings egter self die aard, magte, samestelling en funksie van die liggaam sal bepaal, blyk hierdie slegs valse vooroordele te wees.

Veral die aard van samestelling sal deeglik deur lede bespreek moet word. Daar sal deeglik rekening gehou moet word met die stemkrag van klein verenigings om nie die oogmerke van die liggaam te frustreer nie. Ook sal die verteenwoordiging op die S.R. deeglik aandag moet kry en die wenslikheid om die getal S.R.-lede te vermeerder.

Vir 'n saak wat reeds baie lank sloer is dit die aangewese tyd om van 'n gulde geleentheid gebruik te maak. Die besture van die verenigings is dit aan die Pukstudente in die algemeen verskuldig om hulle verenigings so gou moontlik in staat te stel om uitsluitsel te gee oor 'n saak wat die doel van hulle verenigings ten nouste raak.

Vier u groot geleentheid met Rentmeester

'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.

Rentmeester
VERSEKERAARS BEPERK
Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258
VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENS-VERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS

adverto 4129/a

# IS VOLKSFEESTE IETS VAN DIE VERLEDE?

Johan Schutte

**MET REPUBLIEKDAG pas verby en hoogs beïndruk deur die besondere mate van ongemerktheid waarmee dié dag verbygeskuif het, moet 'n mens jouself weer eens die vraag afvra of ons Volksfeeste wel nog 'n plek in ons volkslewe het. Moet ons nou maar nie te ene male aanvaar dat ons Volksfeeste lankal iets van die verlede is nie; dat hulle lankal reeds hulle waarde, indien hulle ooit so iets gehad het, en plek in ons Volkslewe verloor het?**

Word dit nie dalk tyd om te erken dat ons Volksfeeste, ten spyte van al die praatjies en mislukte pogings om dit 'n nuwe vorm te gee, hoegenaamd geen trek meer het vir die jeug nie?

**Op stuk van sake, wie is miskien bereid om sy langnaweek op te offer ter wille van 'n Volksfees? En verder, wie is dan nou eintlik die „Volk" wat moet feesvier (om maar 'n paar moontlikhede in alfabetiese volgorde te noem): Afrikaners, die Bantoes in hul afsonderlike etniese groepe, Engelssprekendes of Suid-Afrikaners?**

Maar deur die blote stel van retoriese vrae kan 'n mens kwalik die stelling dat Volksfeeste „uit" is, motiveer. Die saak behoef dan ook verdere toeligting. Neem nou maar ons Volksfeeste. Daar is Van Riebeeckdag — 'n geboorte is tog uit die aard van die saak 'n belangrike gebeurtenis, is dit nie? Republiekdag — nog 'n geboortedag of dalk mondigwording?

**Oorlas**

En wat van Setlaarsdag as die herdenking van 'n soort van 'n huweliksdag? Krugerdag, nou ja, elke volk het maar sy helde soos elke huis sy kruis — 'n noodsaaklike oorlas? En dan is daar Geloftedag: 'n gelofte wat nagekom moet word deur wie? Die nageslag van hulle wat op Bloedrivier was, die ganse Afrikanervolk, alle Suid-Afrikaners, die kerk?

**studentemening**

**Laat ons 'n bietjie na binne kyk en sien of óns volk, die Afrikanervolk, die saak van óns Volksfeeste korrek benader. Histories gesproke is ons 'n Christelike volk, 'n gelowige volk en daarom mag ons nòg belangeloos-neutraal staan teenoor ons Volksfeeste nòg daarop uit wees om ons Volksfeeste in losbandige jolyt te wil vier.**

Nee, in dankbaarheid moet ons ons feeste beleef, want ons Volksfeeste is in hul diepste sin dankbaarheidsfeeste — feeste wat ons vier in dankbaarheid, omdat die Here onse God ook in ons Volksgeskiedenis bepaalde, duidelike ligbakens, geloofshelde en geloofsdade voorsien het. Wat meer kan 'n volk verwag as bewyse dat hy ook deur die Allerhoogste as volk erken word, as dit wat ons ontvang het?

- Soms word beweer dat ons
- Volksfeeste te min trekkrag
- het, m.a.w. hulle is te vaal en
- te saai na die smaak van die
- verligte mens van die twintigste
- eeu. Hoe dan nou? Onbewuste-
- lik is dit 'n selfbeskuldiging,
- want dit is juis die volk wat
- die fees moet maak en aan die
- fees sy kleur moet gee.

Buitendien, ek moet nie deur iets uiterliks getrek word na die fees nie, maar wel deur die behoefte van my hart om met hulle te wees wat in dankbaarheid voel soos ek voel. Soos wat die Christen na die samekoms van die gemeente gaan, omdat hy in sy hart vurig begeer om te luister na die prediking en te deel in die gemeenskap van die heiliges, so behoort ek my Volksfeeste by te woon en opnuut moet ek dankbaar God loof, omdat Hy steeds ons Bewaker en Beskermer is.

Wanneer daar mooi nagedink word oor die inhoud van elkeen van ons Volksfeeste (daar is maar net vyf), dan kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat hulle hul by

★ *Vervolg op bladsy 5*

# Uit die Woord

## 'N DAG VAN GOEIE BOODSKAP EN ONS BLY STIL

*2 Konings 7 : 9: „Toe sê hulle die een vir die ander: Ons doen nie reg nie. Hierdie dag is 'n dag van goeie boodskap en ons bly stil!"*

*Vier melaatse manne in 'n leë kamp omring met 'n oorvloed van voedsel, silwer, goud en klere. 'n Entjie daarvandaan weg, die verhongerde stad Samaria, waar moeders hulle kinders kook en eet, en waar 'n onrein eselskop maklik R24 behaal.*

*God het egter die stad Samaria reeds gered uit die hand van die Arameërs wat die stad omsingel en uitgehonger het — buite die poorte het daar voedsel en rykdom in oorvloed in die verlate Aramese kamp gewag — die stad was gered maar die inwoners het dit nie geweet nie.*

*Slegs vier melaatse manne weet van die redding — hulle het 'n goeie boodskap van God om aan die stad te verkondig, en tog . . . swyg hulle. Hulle is te besig met hulself — te besig om te eet en te drink en rykdomme te vergader deur van die goud, silwer en klere te begrawe. Dan besef hulle skielik: Die kamp is leeg van mense, maar vól van dit wat Israel so broodnodig gehad het. Hier is volop voedsel vir die ganse verdrukte stad, en hulle gaan so selfsugtig daarmee om. 'n Dag van evangelie — van goeie boodskap — en ons bly stil! Hier is goeie nuus en slegs ons kan dit oorvertel! God se wonderdaad moet oorvertel word! As ons langer wag en die ligdag straks aanbreek, sal ons skuldig staan. Daarom haas hulle hul na die stad om die blye boodskap oor te dra voordat die oggendskemer aanbreek.*

*Die vraag is wat óns doen met die blye evangelieboodskap wat Christus aan ons toevertrou het — veral in die studentelewe waar ons die gulde geleentheid het om deur woord en daad hierdie boodskap ook onder medestudente in te dra. Wat doen ons met hierdie kosbare skat: spreek ons? Of swyg ons?*

M. P. H.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria

# *Plaat van Eeufeesintervarsity is binnekort beskikbaar*

**MODERNE LIEDJIES mag snaakse temas hê, maar het u al gehoor van 'n intervarsity wat op 'n plaat vasgelê is? As eeufees-aandenking sal so 'n plaat eersdaags vrygestel word met die tema die Eeufeesintervarsity en wat die glorieryke eeufeesoorwinning nog lank in die gedagtes van elke Puk sal laat voorleef.**

Die titel van die plaat is: „Eeufees Intervarsity — P.U. teen U.O.V.S." Die omslag bestaan uit die wapens van die twee universiteite.

Kant een van die plaat bestaan uit die volgende: 'n Onderhoud wat mnr. Kobus van der Walt met die twee P.U.-dirigente, mnre. Christo Piek en Koos Roelofse gevoer het. Daarna volg etlike sing-songliedjies wat verlede jaar net voor intervarsity in die Totiussaal op band geneem is. Die laaste snit van kant een bestaan uit die eerste gedeelte van die heruitsending van die wedstryd deur die bekende radiokommentator, Johan de Bruyn. Die verloop van die wedstryd is deur Kobus van der Walt op band geneem en daarna is dit deur Johan de Bruyn in die ateljee heruitgesend. Toepaslike byklanke maak die uitsending besonder realisties.

### Sing-songliedjies

Kant twee van die plaat bestaan eerstens uit 'n soortgelyke onderhoud as die op kant een en word deur mnr. Kobus van der Walt met die twee U.O.V.S.-dirigente gevoer. Sing-songliedjies word daarna ook deur die Kovsie-studente gesing. Die laaste snit bevat die tweede gedeelte van die heruitsending deur Johan de Bruyn.

Daar is tweehonderd kopieë van die plaat bestel wat teen die minimale bedrag van R2.75 per plaat verkoop sal word aan die studente en ander belangstellendes. Die plaat is nog nie vrygestel (omdat daar nog gewag word op die omslae van die plate), maar sal na verwagting eersdaags beskikbaar wees by die S.R.-kantoor.

Indien die plaat byval vind, sal die A.O.B. die moontlikheid van 'n tweede soortgelyke plaat oorweeg.

# GROOT PLANNE MET PUKBAADJIE

**UIT 'N ONDERHOUD met mnr. Johan Schutte, konvenor van die Kleurekomitee van die Studenteraad het dit geblyk dat die Kleurekomitee nog groot planne in die mou voer vir die res van hierdie termyn.**

Eerstens is daar die aksie „Vrydag is Kleurbaadjiedag" waaroor daar elders in hierdie uitgawe 'n berig verskyn.

Die kleurkomitee is op hierdie stadium ook besig om in samewerking met die verskillende sportklubs alle kleurartikels van die Studenteraad asook van die sportklubs te registreer. Met hierdie registrasie word die beskerming van alle kleurartikels wat in gebruik is op die campus, beoog. Die sportklubs het glo flink gereageer. 'n Algemene registrasie sal tot voordeel van die hele studentegemeenskap strek aangesien daar op die oomblik talle onbeskermde kleurartikels deur die sportklubs gebruik word.

Verder beplan die Kleurekomitee om 'n opname te maak oor die Studente se gevoel jeens die kleurbaadjie. In hierdie verband sal vraelyste gedurende die eerste weke van Augustus deur huidige sowel as oudstudente ingevul moet word.

Ten einde die opname nóg deegliker te maak word aparte vraelyste vir dames en mans beoog asook aparte lyste vir eerstejaars en oudstudente.

Ten opsigte van die oudstudente se belang in die verband was mnr. Schutte se kommentaar dat hulle sekerlik ook in ag geneem moet word. Dit is belangrik om te bepaal hoeveel oudstudente die kleurbaadjie dra nadat hulle die Universiteit verlaat het en wat hulle gevoel jeens die baadjie op hierdie stadium is en wat hulle gevoel sou wees indien die baadjie daar anders uitsien.

Op 'n vraag of daar nie dalk 'n verandering in die kleurpuntvereistes kan kom nie was die antwoord dat dit glad nie onmoontlik is nie.

## Benoemings

DRIE nuwe Teologiese professore is vir die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk plaaslik benoem. Hulle is prof. J. L. Helberg, tans van die nie-blanke Teologiese Skool te Hammanskraal, ds. Frans Lion-Cachet van Heidelberg, en dr. J. C. Coetzee van die Paarl, 'n seun van die voormalige rektor, prof. J. Chr. Coetzee.

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORT-DRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM




MIDDE in die inklinasie en deklinasie van wedersydse toegeneëntheid tussen my en die eerbiedwaardige menere van die Studenteraad lê die kwessie van Piet, die beginselvaste Tokkelok.

Om suiwerheid in hierdie morele verwarring en eenvoud uit die kompleksiteit te laat kristalliseer is dit nodig om meer oor hierdie Piet uit te wei.

Gedurende die twee termyne wat hy gedien het in die raad was hy onder andere in die bevoorregte posisie om op die hoofbestuur van die A.S.B. te dien.

Dit was veral hierdie possie wat hy beklee het wat hom so intens bewus gemaak het van die noodsaaklikheid van koördinasie en die uitdra van die Afrikaanse student se beeld na buite.

Piet was egter so verblind deur die glamoreuse jaarlikse kongres en die enkele vergaderings dat hy die vrae wat die *gewone* student gevra het met minagting, en die versigtige voorstelle tot hervorming deur dieselfde *gewone* student met geen geringe mate van irritasie eenkant toe gevee het en daaroor gestoomroller het. 'n Mens kan slegs sidder by die gedagte aan wat hy sou dink van NAFSAS en die *liberalisme* wat daarmee gepaard gaan.

Hy sou beslis ook die manmoedigheid aan die dag gelê het om op 'n monstervergadering op te staan en te sê wat hy dink van die teenwoordigheid van 'n terroris op 'n P.U.-verhoog tydens 'n A.O.B. aksie. Om nie eers te praat van die onkonstitusionele samestelling van die studenteraad vroeër in die jaar nie: om slegs enkele ou wonde weer oop te **vlek.**

Kyk, ek meen, dis alles goed en wel om van kontak te praat, maar besef diegene wat daarmee gemoeid is presies wat dit alles inhou? En het hulle al besin oor wat daarmee bereik gaan word en wat die eindresultaat gaan wees?

Dit is so dat daar op die campus, afgesien van die draers van die maksimode wat so mooi inslag vind hier, meer as een Piet rondstap, nie almal Tokkelokke nie, maar ook meer as een derde- en vierdejaar regstudent. Almal met sakboekies en almal met die wete dat die tweede September nou vinnig nadersluip.

Sal die S.A.B. inslag vind, en wanneer? Wie gaan die manne wees wat hierdie vurige jong perd moet tem? Dit is voorwaar verblydend om te dink dat ons stoettroppie van sewentien eersdaags sal vermenigvuldig na twintig.

# VERENIGINGS STEUN SENTRAAL AKADEMIESE BESTUUR

★ *Vervolg van bladsy 1*

### Onafhanklikheid

**Mnr. Kruger het in 'n onderhoud met Die Wapad baie sterk benadruk dat die S.A.B. geen poging is om die onafhanklikheid van verenigings aan te tas nie. „Patronaatskap onder die Studenteraad" is nie wat beoog word nie, maar slegs koördinasie waarin die voordeel van die onderskeie verenigings primêr gestel word. Omstandighede in die verenigings bly soos voorheen, behalwe dat daar nou verteenwoordiging op die S.A.B. sal wees.**

Die S.A.B. sal nie gelyksoortig wees aan die ander hoofliggame nie. Laasgenoemde het uit die S.R. gegroei, terwyl die S.A.B. iets heeltemal eiesoortig is wat vanuit die selfstandige verenigings ontstaan.

• Die inisiatief berus geheel en al op die verenigings self, want die verteenwoordigers van die verenigings sal self die grondwet van die S.A.B. saamstel waarin hulle hul voorbehoudsbepalings en onafhanklikheid sal kan vervat. Hulle sal dus self bepaal in hoe 'n mate die S.A.B. die reg sal hê om besluite te neem en wat die presiese verhouding tussen die S.A.B. en die verenigings sal wees.

Akademiese verenigings sal nie outomaties lid word van die S.A.B. sodra die grondwet saamgestel is nie, want elke vereniging sal selfstandig die stap van toetrede moet neem.

Volgens mnr. Kruger word die stap van die Regsvereniging hartlik verwelkom en ander verenigings word uitgenooi om hul voorbeeld te volg. Mnr. Kruger is bereid om vergaderings van die verenigings by te woon waar die saak voorgelê sal word en om dan enige vrae te beantwoord wat mag opduik.

### Finansies

Finansieel sal die S.A.B. geen laste op verenigings lê in die vorm van affiliasiegelde nie. Voordele sal daaruit spruit dat die S.A.B., net soos die hoofliggame, 'n aparte begrotingspos op die S.R. se begroting sal skep en dat aan hom 'n jaarlikse begroting toegesê sal word.

Deur koördinering van die kragte van akademiese verenigings sal 'n groot getal studente uit verskillende vakrigtings nader aan mekaar gebring word. Niemand word gebind nie, maar 'n hegter samehang word bewerkstellig. Op hierdie wyse word ook 'n kanaal geskep waardeur afgevaardigdes na konferensies, bv. die Kongres vir Ingenieurs- en Natuurwetenskapstudente, makliker sal geskied.

Die Wapad het verskeie voorsitters van akademiese verenigings genader om hul menings oor die voorgestelde S.A.B.

### Voorsitters

**Mnr. Alwyn Kraamwinkel**; Ekonomiese Vereniging:

„Die Puk groei steeds en dit verg voortdurende aanpassing en ontwikkeling van die georganiseerde studentelewe. Dit is in hierdie lig dat ek die poging sien om 'n Sentraal Akademiese Bestuur tot stand te bring. Ons het die stadium bereik waar stappe geneem moet word om die skakeling tussen Sosiaal Akademiese Verenigings te verstewig en wel op so 'n wyse dat die begrip „oororganisasie" nie van toepassing is nie. Die beginsel van die saak is dus aanvaarbaar en die sukses van die bestuur sal afhang van die wyse waarop dit gerealiseer sal word.

Wat die Ekonomiese Vereniging betref is dit my persoonlike mening dat indien die kleiner praktiese probleme oorbrug word, (wat ek wel glo), sal die Vereniging sy gewig met groot entoesiasme by die Sentraal Akademiese Bestuur ingooi."

**Mnr. Callie Coetzee**, S.R. voorsitter in die vorige termyn en voorsitter van die Teologiese Studentevereniging het ook hierdie stap verwelkom en gesê:

„Die stigting van sodanige hoofliggaam, sal vir die eerste keer lei tot die konsekwente deurvoering van die prinsipiële indeling van die georganiseerde studentelewe in ses belangesfere wat elkeen behartig word deur 'n hoofliggaam van die Studenteraad. Hierdie prinsipiële indeling is enkele jare gelede reeds deur die studentemassa goedgekeur en hierdie stap is slegs die afronding van 'n jarelange proses, wat beslis te verwelkom is."

### Christelike Wetenskap

Mnr. Coetzee het bygevoeg dat vanweë die uitgangspunt wat aan ons universiteit gehandhaaf word, deurdat die Wetenskap soos alle ander lewensuitinge in die Lig van die Woord van God beoefen word, verdien die vraagstuk van die EENHEID van die wetenskap meer aandag en studie as wat dit op die oomblik geniet. Al die verskillende, skynbaar so wyd uiteenlopende vakwetenskappe, het ook veel in gemeen en kan mekaar help en lei.

**Die stigting van 'n Sentraal-Akademiese Bestuur sal aan die studente uit verskillende vakrigtings die noodsaaklike geleentheid bied om gemeenskaplik te besin op die terrein van die wetenskap. Hierdie saak kan in die toekoms 'n belangrike bydrae lewer in die steeds verdere uitbouing van die beginsel van die Christelike wetenskap in elke vakwetenskap.**

★ *Vervolg op bladsy 7*

# A.S.B. WIL VERANDERINGE AANBRING IN ORGANISASIE

## Uitwaartse beweging werp vrugte af

**NA 'N ONLANGSE Uitvoerende Komiteevergadering van die A.S.B. is 'n persverklaring vrygestel waarin sake van aktuele belang in behandel word. 'n Verkorte weergawe word hieronder gegee:**

**BINNELANDSE TOER**

Vanaf 1 Julie tot 17 Julie vind daar 'n A.S.B.-toer na S.W.A. plaas onder leiding van mnr. Braam Marais van RAU.

**BUITELANDSE TOERE**

- **Europese toer:** Die jaarlikse toer na Europa vind weer vanjaar plaas. Ten spyte van kompeterende toere is hierdie toer nog steeds een van die bestes veral as in aanmerking geneem word dat dit twee en 'n half maande duur en daar reeds nuttige kontakte oorsee opgebou is. Relatief is die toer ook goedkoper as die meeste ander toere.
- **Ooste:** Die hoofbestuur het ook besluit om sy buitelandse toere uit te brei deur in Julie 1971 'n toer na die Verre Ooste onder leiding van mnr. Johan Fick te reël.

**AKADEMIESE SKAKELING**

'n Geslaagde byeenkoms van staatsleerstudente het reeds in April by die P.U. vir C.H.O. plaasgevind. Vir die res van die jaar word daar nog konferensies beplan.

**TAALHANDHAWING**

'n Memorandum is voorberei vir voorlegging aan die Ondersoekkommissie van die Regering na die Universiteitswese. Die memorandum handel oor Afrikaanse handboeke. Tans is meer as 80% van alle handboeke wat op S.A. universiteite gebruik word nie in Afrikaans beskikbaar nie.

**KUESTA**

Kuesta 71 sal vanaf 5 tot 10 April 1971 aan die Kampus van Tukkies plaasvind. Mnr. Wynand van Wyk van Tukkies sal as hooforganiseerder van Kuesta „71" optree.

**AFRIKA-AANGELEENTHEDE**

Mnre. Johan Fick, Fanie Coetzee en Roelf Meyer het van 22 tot 24 Mei namens die hoofbestuur 'n besoek aan die Universiteit van Lourenco Marques gebring. Hierdie studente was slegs bewus van die bestaan van NUSAS in S.A.

Hoewel hulle teen afsonderlike ontwikkeling gekant is, was daar geen antagonisme jeens S.A. of die A.S.B. nie.

**HERAFFILIASIE VAN STELLENBOSCH**

Op 25 April het 'n konferensie van S.R.-voorsitters, A.S.B.-voorsitters en lede van die Uitvoerende Komitee op Potchefstroom plaasgevind. Die doel was om die organisasie van die A.S.B. op te knap sodat die verhouding tussen die hoofbestuur en plaaslike komitees verbeter kan word en studente meer effektief bereik kan word. Hieruit het 'n aantal aanbevelings gekom wat in Julie aan die kongres voorgelê sal word. Dit behels o.a.:

- dat die termyn van die Uitvoerende Komitee verander word van Januarie tot Desember. Dit sal meebring dat die U.K. meer effektief sal kan funksioneer.
- Jaarliks sal in September of Oktober, ná die verkiesing van studenterade en A.S.B.-komitees 'n konferensie van die betrokke voorsitters saam met die U.K. vir die volgende termyn plaasvind om die A.S.B.-werk vir die volgende jaar te koördineer.
- Na hoofbestuursvergaderings sal persverklarings aan studentekoerante uitgereik word om die A.S.B. beter bekend te stel.
- Om studente beter te bereik, sal die president in September jaarliks alle sentra besoek, en die organiseerder weer in Februarie en Maart van die volgende jaar. Daarna sal die direkteure en kleiner groepe deur die loop van die jaar alle sentra besoek om die A.S.B.-werk te koördineer.

**KONGRES**

Die A.S.B.-kongres oor die tema **Die Afrikaanse Student in 'n nuwe dekade** vind van 29 Junie tot 3 Julie in Port Elizabeth plaas. Dr. J. D. Vorster sal die openingsrede lewer en prof. Marius Swart sal as gasreferent optree. By hierdie geleentheid sal die A.S.B.-erepenning ook aan oud-pres. C. R. Swart oorhandig word.

---

## Samesprekings oor intervarsity

**NA DIE Wapad verneem, het die samesprekings rakende Intervarsity tussen die studenterade van die P.U. vir C.H.O. en U.O.V.S. baie vrugbaar verloop. Aktuele sake van belang nl. die puntestelsel, skaakreëlings en andere is bespreek.**

**Wat die puntestelsel betref is besluit dat òf net die eerstespanwedstryd in aanmerking geneem moet word, òf alle wedstryde wat mag plaasvind.**

**Die algemene gevoel was dat die studente geaktiveer moet word in die sogenaamde skaakpogings. Albei campusse neem nie altyd met eweveel geesdrif daaraan deel nie. Wie is dan nou bang om sy hare te verloor?**

**Moontlik gaan daar 'n sangkompetisie tussen die universiteite op die paviljoene plaasvind. Sodoende sal die aandeel van die massa erken word.**

**Hierdie aangeleenthede sal deur beide studenterade ondersoek word, en finale besluite sal geneem word.**

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ **PLATE**

by

**PRO REGE - PERS BEPERK**

**„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"**

**Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.**

# *Vrydag is kleurbaadjiedag*

**DIE Studenteraad loods 'n aksie onder die naam „Vrydag is Kleurbaadjiedag". Tydens 'n onderhoud met die Konvenor van die Kleurekomitee het dit geblyk dat hierdie aksie nie om dowe neute van stapel gestuur is nie.**

**Die bedoeling is blykbaar om op hierdie wyse die dra van die kleurbaadjie op die kampus te bevorder. Die rede waarom Vrydag hiervoor uitgekies is, is „omdat dit maar net 'n meer geskikte dag is as al die ander dae".**

**DAMES:**

**Van damestudente sal ook verwag word om hierby in te skakel en die Kleurekomitee glo vas dat hulle dit wel deeglik gaan doen.**

**Daar word ook voorsien dat „Vrydag is Kleurbaadjiedag" 'n merkbare bydrae kan lewer tot die bevordering van 'n eenheidsgees onder die studente.**

**'n Soortgelyke poging om hulle kleurbaadjie se aansien te verhoog is met groot welslae op Tukkies aangepak.**

**Ten slotte is opgemerk dat die sukses van hierdie aksie nie net sal afhang van die reklame wat van Studenteraadsweë gedoen word nie, maar veral van die wyse waarop elke student hierby gaan inval.**

## A.S.B.-besoek:

# MALAWI TOEGENEË JEENS A.S.B.

**MNR. FANIE COETZEE van die P.U. vir C.H.O. was 'n lid van die A.S.B.-groep wat verlede week 'n aantal Malawiese universiteite besoek het. Die besoek staan in verband met die A.S.B. se skakeling met buitelandse universiteite. Dat die uitwaartse beweging hierdie keer in Afrika was, is manifestasie van ons groeiende Afrika-bewustheid.**

Kontak is oorspronklik deur korrespondensie verkry. Daarna het Malawi 'n formele uitnodiging aan die A.S.B. gerig. Die A.S.B.-lede het in die koshuise ingewoon en so geleentheid gehad om te deel in die alledaagse lewe van die studente. Daar was onder meer samesprekings met die minister van opvoeding, die verskillende studenterade en ook 'n massavergadering van al die studente.

Die samesprekings was vrugbaar. Die verskille in huishoudelike aangeleenthede het veral sterk na vore getree. Daar was egter geen sprake van antagonisme nie. Die Malawiese studente toon buitengewone belangstelling in die Republiek. Hulle was veral gretig oor advies in verband met die organisasie van hulle eie studenteliggame. Daar is besluit om die kontak te handhaaf langs die weg van die uitruil van publikasies en besoeke i.v.m. bepaalde aangeleenthede.

Mnr. Coetzee vertel dat daar 5 universiteitskolleges in Malawi is wat deur 'n gesamentlike administrasie beheer word. Studente word deur die staat gekeur volgens 'n vasgestelde opvoedkundige standaard. Al hulle studiegelde word dan ook deur die staat betaal. Daarna moet hulle in diens van die staatsorganisasie tree. Dit lewer nie juis probleme op nie, aangesien feitlik alle nywerhede deur die staat genasionaliseer is. As gevolg van die mannekrag tekort is die groot aksent nog op professionele opleiding.

Die A.S.B. hoop dat hy langs die weg van sy uitwaartse beweging in Afrika, deur ons isolasie in die kontinent sal kan sny.

## IS VOLKSFEESTE IETS VAN DIE VERLEDE?

★ *Vervolg van bladsy 4*

uitnemendheid daartoe leen om so 'n verdiepte karakter te dra.

- En nie net op die volk nie,
- maar ook op die organiseerders
- van die feeste rus die verantwoordelikheid om die feeste
- sodanig in te kleur dat dit nie
- ontaard in die oppervlakkige
- opsweep van 'n momentele
- massa-patriotisme of in 'n poli-
- tieke verhoog nie.

Geloftedag veral verdien 'n tere plekkie in ons volkslewe, al is ons in onvermoë om ons deel van die belofte gestand te doen. Die vraag mag gevra word of die kerk nie dalk te neutraal staan ten opsigte van hierdie dag nie.

Deelname aan ons Volksfeeste is natuurlik nie die uitsluitlike voorreg van die Afrikanervolk nie, maar ook van almal wat hulle in die gees één voel met die lotgevalle van hierdie volk, gedra deur 'n gemeenskaplike liefde vir die eie bodem, liefde tot God en 'n gemeenskaplike vertroue op Hom wat onwankelbaar staan in sy liefde en trou.

**Sonder om hiermee te kenne te wil gee dat die ganse onderhawige terrein reeds gedek is, die volgende opmerkings ten slotte: die bedoeling is nie dat alle vrolikheid uit ons Volksfeeste geweer moet word nie, maar juis dat ons Volksfeeste gevul moet wees met blydskap wat uit ons hart opkom en aan die vrolikheid 'n verdiepende kwaliteit moet gee.**

Volksfeeste mag nooit „uit" wees nie — ons moet dit verander, verdiep en plooi ooreenkomstig ons lewens- en wêreldbeskouing: ons moet ook in hierdie verband reformeer getrou aan die Lig wat ons ontvang het.

# Ekonome besoek Effektebeurs

DIE Ekonomiese Vereniging het op 22 Mei 'n besoek gebring aan die Effektebeurs en Anglo-American Corporation. Dit is die eerste studentegroep wat laasgenoemde ooit besoek het.

Na 'n vlugtige besoek aan die Effektebeurs, is hulle na die hoofkantoor van Anglo American waar hulle onder andere na 'n baie interessante lesing deur mnr. Gordon Waddell geluister het. Die namiddag is hulle na 'n filiaalmaatskappy van Anglo American waar hulle, na 'n aangename onthaal, die onderneming besigtig het onder leiding van mnr. Martin Fallon.

Dit is jammer dat meer studente nie van hierdie unieke geleentheid kan gebruik maak nie. Die groep het ongetwyfeld baie geleer. Waar baie firmas 'n mens die idee gee dat hulle jou 'n guns bewys om jou te ontvang, was dit nie hier die geval nie. Inteendeel, 'n mens het die hele dag welkom gevoel.

Mnr. Ligthelm het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat die gedagte van die Ekonomiese Vereniging om vanjaar aan al hulle gassprekers en gashere 'n geraamde P.U.-wapen, met die woorde „Ekonomiese Vereniging — 1970" daarop te oorhandig, orals byval vind.

**PARADISE RESTAURANT**

- **Dié kafee op die Bult met lugverkoeling**
- **dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,**
- **EN SNOEKER SPEEL!**

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

●

**Tomstraat 86 Tel. 5474**

# MIN(I) GOEDKEURING VIR NUWE MAKSI-GRIL

**WAT DINK ONS Pukstudente van hierdie nuwe modegril „die Maksi" wat ook nou begin kop uitsteek op ons eie Puk kampus? Carina van Niekerk, 'n tweede jaar Maatskaplike Werkstudent dink dit is verspot en glad nie van pas by Suid-Afrika se sonnige klimaat nie. As tradisionele platsak student sal sy dit ook nie kan bekostig nie.**

Marinda Myburgh dink weer as dit met smaak en grasie gedra word, kan dit gaan, maar definitief nie wat alledaagse drag betref nie. Sy is ook maar skrikkerig vir die baie was en stryk wat die groter stuk materiaal sal meebring.

**Vir die koue**

**Elize Graphorn en Linda Coetzee, twee eerstejaar studente, dink dit is sommer 'n bak nuwe idee en hulle sal dit beslis dra. Christa Kruger, 'n derdejaar B.A.-student dink die jasse is die ideale ding teen Potchefstroom se snerpende koue, maar die rokke, aikona.**

Spikes Nel, eerstejaar Industriële Chemie student, hou sommer baie van die Maksi en dink dit is net die ding vir haar. Retha Coetzee, 'n Geskiedenis Honns.-student, hou net so baie daarvan en sê sy wag net haar tyd af om die klaar gekoopte materiaal om te tower in 'n juweel van 'n maksi.

Wat die manne betref, wil dit nogal voorkom asof hulle heelwat van die dames verskil.

Rudie Oosthuizen, 'n student in die regte, hou nie juis daarvan nie, maar het tog al opgemerk dat dit 'n astertjie se perdebylyfie mooi kan beklemtoon. Johan du Pusani dink die maksi is geheel en al uit! Hy kan glo nie die rede insien waarom die asters hul bates moet verberg nie.

**Mini is nog bo**

Dolf du Plessis dink vir die winter is dit nogal doeltreffend èn as almal dit eers dra, sal dit ook groter byval vind. Hy verkies nogtans die mini. Cornéll Moll, 'n derdejaar B.Comm.-student, dink die regte asters het nog net nie begin maksi's dra nie, maar die mini bly maar bobaas.

- Doeke Tromp, nog 'n derdejaar
- B.Comm.-student, hou ook glad
- nie van die idee nie. Hy dink
- die hele affêre moet in die
- kiem gesmoor word voordat
- dit hand uitruk.

'n Paar manne van Over de Voor het ook al aan oplossings begin dink om die gevaarte die nek in te slaan. Een het besluit hy sal sommer 'n ystersaag gebruik om van die oortollige materiaal ontslae te raak. 'n Ander wou weer spelde met hom saamdra en die soom volgens sy mening insteek. Nog 'n oplossing sal glo wees dat indien dit 'n gebreide maksi is, om die punt vas te trap en dit dan los te trek tot op die verlangde lengte.

Dit lyk dus asof die maksi meer byval by die dames vind as by die mans. Hou dus maar die kampus dop, oor 'n paar dae sal dit nie meer iets snaaks wees nie.

★ *Vervolg van bladsy 6*

**Mnr. Pierre Venter**, voorsitter van die Aptekersvereniging het benadruk dat hy sy persoonlike mening weergee aangesien hierdie vereniging nog nie die geleentheid gehad het om die aangeleentheid te bespreek nie.

„Die idee van die SAB soos hulle dit voorstel neem ek genoeë mee, indien hoegenaamd geen eise gestel word wat ons vereniging sy identiteit sal laat verloor en wat sal bots met ons eie grondwet nie. Ons is deel van 'n internasionale studente federasie en nie 'n spesifieke vereniging van die universiteit as sodanig nie. Indien ons dus op ons eie voorwaardes aanvaar word sien ek gee probleem om minstens vir 'n proeftydperk deel te hê aan die S.A.B. nie", het mnr. Venter gesê.

**Beter verstandhouding**

Hy meen verder dat dit lyk of 'n leemte gevul kan word, deurdat die verenigings nou sentrale verteenwoordiging kan kry. Indien dit sou help om in die algemeen 'n beter verstandhouding en gees op die campus te weeg te bring, is die voordeel reeds genoeg.

Ook die voorsitter van die Huishoudkunde Vereniging, **mnr. Gerrie du Preez**, het sy steun toegesê aan hierdie bestuur.

**Mnr. Petrie Uys**, Caritas (Maatskaplike Werk Vereniging):

„Ek is na oorweging beslis ten gunste van 'n Sentraal Akademiese-Bestuur wat deur die S.R. beoog word.

Dit sal nouer skakeling met die S.R. meebring, waar die verskillende verenigings in die verlede geen of weinig skakeling met die S.R. gehad het.

'n Verdere voordeel wat dit sal inhou is dat die verskillende verenigings wat reeds bestaan dan baie nouer met mekaar sal skakel, wat van groot waarde sal wees, veral omdat die verskillende akademiese rigtings in die verlede tot 'n groot mate by mekaar verby geleef het. Nou kan deur middel van die Sentraal Akademiese Bestuur meer van mekaar se veld van ondersoek te wete gekom word, wat 'n beter verstandhouding sal meebring met die gevolg dat daar 'n groter eenheid tot stand sal kom."

## Uit die possak

# DANK AAN EKONOMIESE STUDENTE

Geagte Redakteur,

Vergun my om deur middel van Die Wapad enkele bedankings te doen.

Graag wil ek al die studente wat op 22 Mei saam was met die besoek aan die Effektebeurs en Anglo American Corporation baie bedank vir hulle samewerking om dit 'n aangename en onvergeetlike dag te maak. Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om hulle geluk te wens met hulle gedrag te Germiston.

'n Ander persoon uit ons midde wat baie beslis vermelding verdien, is dr. R. Fourie. Die wyse waarop hy meegehelp het vir die sukses van die hele uitstappie is hoog te waardeer.

Indien daar egter een mens is wat ek moet uitsonder, dan is dit mnr. Martin Fallon van Anglo American. As dit nie vir sy gewaardeerde hulp was nie, sou hierdie geskiedkundige dag nie moontlik gewees het nie. Ek sê geskiedkundig, omdat dit die heel eerste keer was dat enige studentegroep van 'n universiteit 'n besoek aan die organisasie gebring het.

Johan Ligthelm.

**CACHET APTEEK**

**DIE STUDENTE-APTEEK**

**Agente vir:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**

**FOON 4201**

**TOMSTRAAT 92.**

**Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.**

**GEE 'N MAN 'N LUCKY!**




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# DIE A.S.B. SORG VIR PUIK KONSERT IN DIE TOTIUSSAAL

**DEESDAE WONDER almal wat gaan aan in die Totiussaal, want soveel veranderings het dié waardige gebou in sy dag des lewens nog nie getref nie. Die antwoord sou jy kry gedurende die A.B.K.K.-konsert wat voorverle de week plaasgevind het.**

Die goeie aanbieding is afgesluit met 'n voorsmakie van **Die Jakkalstreke** van Scapino wat volgende semester deur die Dramadepartement aangebied word. Met 'n verrassende gelag het Pieter Fourie en later Mariëtte Ferreira van bo van die galery met die splinternuwe trap af deur die gehoor gehardloop en op die verhoog gespring.



Sarie Lampbrecht (alt) en P. Lemmer (fluit) voor hulle optrede tydens die Meesterskonsert Vrydagaand in die Konservatoriumsaal. Prof. Pieter de Villiers het as begeleier opgetree.
(Foto: Fotokuns)

**Plaaslike talent**

Een ding wat hierdie konsert bo alle twyfel bewys het, is dat die PUK heeltemal voldoende plaaslike talent het. Ria Lemmer en Rina Hugo se sang was soos altyd prag-tig. Baie oulik was hulle aanbieding van twee duos uit die opera **Hansie en Grietjie.** In dieselfde asem kan Amanda Joubert se sangsolo genoem word.

Skreeusnaaks en baie goed was die voordragte van Mariëtte Ferreira en Hannetjie Beukes. Truida van der Walt met 'n klaviersolo en Collin Clegg met sy klarinette het gesorg dat die gehalte hoog gehou word. 'n Hoogtepunt van die aand was die Sêrgroep van Oosterhof.

**Opvallend**

Wat opgeval het, was die min belangstelling wat die konsert uitgelok het. Dit is jammer, want daar is baie moeite gedoen en die konsert het getuig van talent. Die wat wel daar was, het die konsert duidelik en soms luidrugtig van die galery af geniet.


Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5038


Die winkel waar die kieskeurige dames koop.



AS TWEE GROTES SAAMSPAN KRY JY DIE WENSPAN

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.


# *Perkamentpraatjies*

## WÊRELDFAAM VIR S.A. KOMPONISTE

AS 'N MENS so na die nuus luister en die koerante lees, dan wonder 'n mens of Suid-Afrika nog iets kan oplewer wat die moeite werd is. Die buitewêreld se vooroordeel teen ons land is van so 'n aard dat 'n mens self later begin twyfel aan die vermoëns van jou eie land en mense. Daarom het ek na iets gaan soek om aan my te bewys dat ons land net sulke uitstaande mense en dinge kan oplewer soos ander lande. Ek het gaan blaai deur boeke wat my meer inligting kon gee aangaande die ontwikkeling van die musiek in ons land en ek was nie teleurgestel nie... en ek het gewonder hoe ek ooit kon getwyfel het aan my mense.

**Komponiste**

Ek sal so in die loop van 'n paar artikels aandag gee aan 'n paar van Suid-Afrika se uitstaande komponiste. Vandag kyk ons na Arnold van Wyk en Rosa Nepgen.

Arnold van Wyk was een van die eerste komponiste van die nuwe geslag, die Dertigers. Sy eerste publieke optrede met eie komposisies val in die middel van die dertigerjare en vir die musiek van Suid-Afrika is die verfrissing wat van hom uitgaan, minstens so belangrik as die vernuwing van die letterkunde deur die poësie en prosa van sy tydgenote.

**Onderskeiding**

In 1950 het 'n groot onderskeiding Van Wyk te beurt geval. Die vorige jare was dit baie moeilik vir Suid-Afrikaanse komponiste om maar een werk op een van die feesprogramme te kry wat elke jaar deur die Internasionale Vereniging van Hedendaagse Musiek in een van die groot musieksentra van die wêreld aangebied word. Die musiekfees van 1950 in Brussels het egter die ry geopen met die eerste Strykkwartet van Van Wyk.

Tot die komponiste by wie die liedkuns die aanvanklike instrumentale werke heeltemal verdring het, behoort Rosa Nepgen.

**Liedere**

In haar eerste periode (1937—1940) is die instrumentale musiek feitlik hoofsaak. In die jare 1941 en 1942 skakel sy heeltemal oor en word liederekomponiste. Sy toon ook 'n steeds groter belangstelling vir geestelike tekste. Haar groot bydrae in hierdie rigting kom sedert 1952. In die meeste gevalle ontleen sy haar tekste aan die Bybel of aan die beryminge van Totius.

In 'n volgende artikel wy ons aandag aan Stefans Grové en Hubert du Plessis. L.G.

# *ONTMOET...*

ALOMBEMINDE en bekende Johannes Jakobus Adriaan (prof. Attie) van der Walt is gebore te Steynsburg op 29 Januarie 1929. Hy het 'n alsydige en interessante, maar ook 'n uiters suksesvolle opleidingsloopbaan gehad, wat begin het met die verwerwing van 'n laerskoolonderwysdiploma in 1943. Daarna, in 1947, verkry hy die graad B.Sc. met hoofvakke Wiskunde en Sielkunde, en twee jaar later word hy dosent aan die P.U. vir C.H.O.

Die musiekgogga het egter vasgebyt, en op die stewige klavieren vioolgrondslag wat reeds op skool gelê is, word nou verder gebou, sodat prof. Attie in 1950 die graad B.Mus deur die Universiteit van Suid-Afrika verkry. By hierdie instelling verwerf hy ook Lisensiaat in Vioolonderrig, en in 1954 verwerf hy aan die P.U. vir C.H.O. die graad M.Mus. met lof.

Twee jaar later handig hy sy proefskrif in oor „Die kanongestaltung im Werk Palestrinas", en verwerf sy doktorsgraad in Keulen met prof. dr. K. G. Fellerer as promotor. Sy verdere studies in Musiekwetenskap vind plaas o.l.v. proff. Fellerer, Kahl en Scheider; Sielkunde kry hy by prof. Undeursch, en Engels by prof. Papejewsky, en as sy privaat dosent dr. Wickert. In dieselfde jaar word hy ook senior dosent aan die P.U. vir C.H.O.

**Truk**

Reeds vanaf 1950 bestyg hy elke meer en meer die suksesleer as stigter en lid van verskeie instansies. Hy was stigter en eerste direkteur van die Instituut vir Suid-Afrikaanse Musiek aan die P.U. vir C.H.O., en in 1966 was hy ook die stigter van die Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging se Kring in Potchefstroom. Prof. Van der Walt was ook al lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, asook van die Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste. In 1964 het hy die Internasionale Musiekwetenskaplike Kongres in Salzburg bygewoon, en toe ook verskeie biblioteke besoek in verband met sy studie.

Die einde van sy suksesse is dit egter nog nie, want hy is sedert 1950 lid van die Tussenkerklike Kommissie vir die Hersiening van Afrikaanse Psalmmelodieë, en ook lid van die Raad vir die Samestelling van 'n Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. In 1964 het hy professor in Musiek geword aan die Potchefstroomse Universiteit, en in 1967 hoof van die Musiekwetenskaplike afdeling aan hierdie universiteit.

**Kranige sportman**

Alhoewel dit so voorkom, het prof. Van der Walt nie net gewerk nie, maar was hy ook 'n kranige sportman en 'n ywerige en goeie atleet. In sy derde jaar was hy kaptein van die P.U.-atletiekspan, en hy het veral in die hekkies- en hoogspringnommers gepresteer. Hy speel vandag nog graag tennis. In 1950 is hy getroud met Emma Helena van Eck, en uit hierdie huwelik is vyf seuns en een dogter gebore. Die oudste, Konkie van der Walt, het vroeër hierdie jaar Suid-Afrikaanse junior hekkiesnaelloper geword.

Vroeër het prof. Van der Walt ook baie belang gestel in muntversameling, maar hy vind deesdae nie meer daarvoor tyd nie.






Al's is beter met groot, groot Coke
Coca-Cola
HANDELSMERK GEREG
BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!
Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur:
SUNCRUSH

# GROOT TOETS VIR THEOS

**MÔRE IS DIE Theos voor nog 'n kwaai struikelblok, in sy poging om die liga te wen, as hy teen die bulspan van Strathvaal te staan kom. Lofty Nel en sy manne is net twee punte agter die Puk en sal graag môre op Olënpark die bordjies wil verhang.**

Strathvaal vertoon vanjaar maar bra wiseselvallig. Onlangs het hulle kwaai gesukkel teen Pote, terwyl Potch Dorp hulle met 17—0 uitgetrap het. More is al Strathvaal se staatmakers egter terug en die Puk speel sonder Piet Brandt, wat sy knie beseer het.

Daar sal veral vir die besoekers se agterlyn liggeloop moet word. Dirk de Vos is die onvoorspelbaarheid vanself en George Pearson is dees-dae op sy stukke. Dan is daar nog die gevaarlike skopskoen van Paul du Randt.

Die tweestryd tussen De Vos en Jannie Barnard, kan nog die hoogtepunt van die wedstryd wees.

Voorlangs beskik die bloutruie oor manne soos Richardt Owen en Lofty Nel. Veral laasgenoemde is soos 'n valk op 'n losbal. Albei kêrels is ook goud werd vir hulle span met hulle springwerk agter in die lynstane.

Die Puk kan egter sakies in hulle guns beklink as hulle sake voorlangs beheer. Die mynspan beskik nie oor die manne om ons voorlangs te klop nie en sodoende kan ons die bal van hulle agterlyn af weghou.

Die onder-20 span kom ook more voor 'n groot toets te staan. Hulle speel op Rustenburg teen die onoorwonne span van R.P.M. Laasgenoemde span is glo vasbeslote om die Pukke te klop.

Die jongspan het egter teen die Heidelbergse Leërgimnasium getoon van watter staal hulle gemaak is en gaan die stryd met vertroue tegemoet.

More vind daar ook weer twee wedstryde in die koshuisliga plaas. Hombre gaan probeer om vir die tweede keer met Kompleks af te reken en Over de Voor speel teen Dorp.

Over de Voor beskik ongetwyfeld oor die beste pak voorspelers op die Puk. Ongelukkig is die agterspelers nie daar om dinge af te rond nie. Miskien kan hulle more verras en vir die eerste keer vanjaar wen.

# Theos wen weer naelskraap

**DIE THEOS is oor nog 'n hekkie op pad na die Neserbeker. Die sterk span van Klerksdorp is verlede Saterdag naelskraap met 17—14 verslaan, nadat die wenpunte eers in die doodsnikke van die wedstryd aangeteken is.**

Net soos teen Natal het die dus weer eens 'n verbete eindpoging van die Pukke geverg om die pyp te rook. Hierdie slag het die manne egter meer deurdringingsvermoë openbaar en in beserings het Gerrit Botha oorgeval vir 'n onvervyfde drie, nadat Schalk van der Merwe na die steelkant beweeg het.

Vir Klerksdorp het P. van Blommenstein twee drieë gedruk, terwyl Bakkes twee strafdoele en 'n vervyfskop behaal het.

Op een stadium was ons manne 14—6 agter en het dinge maar beroerd gelyk vir die Theos. Voorlangs wou dinge nie vlot nie en Klerksdorp het die een stormloop na die ander geloods.

Kort na rustyd het daar egter 'n wending gekom en die voorspelers het met nuwe vuur ingeklim. Die balle is skoon bemeester in die vaste los en die agterlyn kon begin hardloop. Van der Merwe was vir 'n paar puik breekslae verantwoordelik.

Die res van die agterlyn het ook meer slaankrag vertoon as teen Natal. Taktiese bewegings is op vol spoed uitgevoer en die manne se hantering was puik. Piet Roodt het beïndruk met die wyse waarop hy werk gesoek het en hy het 'n paar mooi dinge gedoen.

Die heelagter, Charles Venter, het weer eens 'n redelike bestendige vertoning gelewer. Sy enigste blaps het die Puk egter vyf punte gekos, toe hy 'n hoë lugskop vlak voor die pale misgevang het. Verder was sy stelskoppe ook nie in die kol nie.

Sy teenstander, die bekende Kaspaas Bakkes, het egter ook nie sy skopskoene aangehad nie. Dit was dalk nog die Puk se redding, want Klerksdorp het 'n hele paar skoppe binne trefafstand verbrou.

Ongelukkig is die wedstryd 'n bietjie ontsier deur ruwe spel en die tuisspan is geensins vry te spreek nie. Die skeidsregter het verskeie strafskoppe toegeken en moes ernstig met 'n paar manne gesels. Dit was veral in die losskrums waar dinge gelol het.

Die Pukke het egter hulle man gestaan teen die bulle van Klerksdorp. Piet Brandt se afwesigheid is 'n bietjie gevoel, want Phil Steyn het nie heeltemal die mas opgekom nie. Dawid van Aswegen is nie deur die bekende Ig Wilkens oorskadu nie.

In die voorry het Hennie Coetzee vir Mannetjies Wilkens laat harde bene kou. Wilkens het later omgeruil en teen Tiny van Eck gaan skrum.

Frans Kruger (2), Jannie Barnard en Gerrit Botha was vir die Theos se drieë verantwoordelik. Van der Merwe het geslaag met 'n strafdoel en vervyfskop.

# SO VAAR DIE PUKKE

**Rugby:**

Eerstes:
P.U. 17; Klerksdorp 14.

Tweedes:
P.U. 30; Klerksdorp 5.

Derdes:
P.U. 17; Klerksdorp 0.

Vierdes:
P.U. 55; Klerksdorp 3.

**Puntestand**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| R.P.M. | 8 | 6 | 1 | 1 | 13 |
| Universiteit | 6 | 5 | 1 | 0 | 10 |
| Strathvaal | 7 | 4 | 1 | 2 | 10 |
| Rustenburg | 7 | 5 | 2 | 0 | 10 |
| Potch. Dorp | 7 | 5 | 2 | 0 | 10 |
| Klerksdorp | 7 | 3 | 2 | 1 | 8 |
| Goldfields | 7 | 3 | 4 | 0 | 6 |
| Westelikes | 8 | 3 | 5 | 0 | 6 |
| Western Reefs | 8 | 2 | 6 | 0 | 4 |
| Sasolburg | 8 | 2 | 6 | 0 | 4 |
| P.O.K. | 4 | 1 | 3 | 0 | 2 |
| Lichtenburg | 7 | 1 | 6 | 0 | 2 |

**Koshuisliga**

Hombre A 10; Over de Voor 8.
Over de Voor B 18 Hombre B 3.
Dawie Dup A 16; Kompleks A 3.
Dawie Dup B 9; Kompleks B 6.
Drakenstein B 6; Dorp B 6.

**A-liga**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 5 | 5 | 0 | 0 | 10 |
| Kompleks | 6 | 3 | 2 | 1 | 7 |
| Hombre | 5 | 3 | 2 | 0 | 6 |
| Drakenstein | 4 | 2 | 2 | 0 | 4 |
| Dorp | 4 | 0 | 3 | 1 | 1 |
| Over de Voor | 4 | 0 | 4 | 0 | 0 |

**B-liga**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Dawie Dup | 5 | 5 | 0 | 0 | 10 |
| Over de Voor | 4 | 3 | 1 | 0 | 6 |
| Dorp | 5 | 2 | 2 | 1 | 5 |
| Drakenstein | 5 | 2 | 2 | 1 | 5 |
| Kompleks | 6 | 2 | 4 | 0 | 4 |
| Hombre | 5 | 0 | 5 | 0 | 0 |

**C-liga**

| | S | W | V | G | Pte |
|---|---|---|---|---|---|
| Over de Voor | 4 | 3 | 0 | 1 | 7 |
| Drakenstein (1) | 3 | 2 | 1 | 0 | 4 |
| Drakenstein (2) | 2 | 0 | 0 | 1 | 1 |
| Dawie Dup | 3 | 0 | 3 | 0 | 0 |

**Sokker**

Vierfontein 8; P.U. 1.
Stilfontein 5; P.U. 2.

**Korfbal**

Eerstes:
Kooperasie 48; P.U. 20.
Tweedes:
Kooperasie 45; P.U. 10.

**Dameshokkie**

P.U. 5; Strathvaal 2.

# PUKKE OORHEERS RUGBYLIGAS

Vanjaar gaan die Pukke skoonskip maak in die Wes-Transvaalse rugbyligas. Dit lyk glad nie so vergesog as mens kyk na die stand van sake in die ligas, waaraan Pukspanne deelneem.

Tans is die Theos voor in die Neserliga. R.P.M. het wel meer punte as die Puk, maar ons het nog die minste verloor. Dit was slegs teen Goldfields dat die Puk nie die mas kon opkom nie, terwyl die Rustenburgers reeds verloor en gelykop gespeel het.

Die tweede span is nog onoorwonne en het al verskeie wegholoorwinnings behaal. Verlede Saterdag was hulle eens te sterk vir die span van Klerksdorp en het maklik met 30—5 gewen. Hierdie manne speel deesdae werklik puik rugby.

Die enigste liga waarin dinge minder belowend lyk, is die derde liga. Dawie Dup het teen Rustenburg gestruikel, nadat hulle beste spelers nie beskikbaar was. Die ander koshuisspanne het egter hulle wedstryde gewen en ons kan dalk nog die liga met 'n ander span deel.

Die koshuisspanne oorheers ook tans die vierde liga en die onder-20 span is ook op die wenpad. Indien die jongspan more met R.P.M. afreken, is die pad oop na die Barnardbeker.

'n Mens kom egter eers werklik onder die indruk van die Puk se rugbykrag, as jy na die standaard in die koshuisliga kyk. Daar speel tans verskeie manne met eersteligaondervinding in hierdie liga.

Volgens mnr. Piet Malan, was daar al selde voorheen soveel talent op die Puk. Volgens hom behoort nie een van die geelspanne vanjaar weer te verloor nie.

**op eie werf**

# Fanie reg vir Europa

**FANIE VAN ZIJL is slaggereed vir die Europese toer. Tydens 'n opwarmingsbyeenkoms, wat Maandag in Pretoria plaasgevind het, het hy die Noord-Transvaalse rekord vir die 3000 meter verbeter.**

**Fanie het 'n nuwe rekordtyd van 8 min. 21.2 sek. daargestel wat die bestaande rekord met 6 sek. oortref. Andries Krogmann, wat tweede was, het Peter Whewell se rekord geëwenaar met 'n tyd van 8 min. 27.2 sek.**

**Die Springbokspan neem môre aan sy eerste byeenkoms in Athene deel. Die res van die toerprogram is egter nog nie gefinaliseer nie. Van Zijl hoop egter om teen die 20e Julie na Suid-Afrika terug te keer.**

# SUKKEL

DAWIE DUP is nog steeds onoorwonne in die koshuisliga. Eergister het hulle Dorp met 19—9 verslaan, maar die swartspan kan glad nie gelukkig voel met sy vertoning nie.

Dawie Dup het gewen omdat hy Dorp se foute uitgebuit het en oor 'n beter skopper beskik het. Dit was egter die verloorspan wat grotendeels vir die beste rugby gesorg het.

# MIN NUWE GESIGTE IN TENNISKEURLYSTE

**NUWE GESIGTE is maar skaars in die tenniskeurlyste, wat vandeesweek bekend gemaak is. Hierdie lyste is opgestel na afloop van die P.U.-kampioenskappe, wat verlede week afgehandel is.**

Heloïse Burger is weer eens die Puk se voorste speelster, nadat sy vir die tweede agtervolgende jaar die P.U.-kampioenskap gebuit het. Retha Smith is tweede gekeur en hierdie twee gaan mekaar nog baie opdraende gee.

Volgens mnr. Kenny Smith, tennisafrigter van die Pukke, staan hierdie twee dames tans kop en skouers bo hulle teenstanders uit. Helena Shoch en Enid Rencken, is egter nuwelinge wat 'n gunstige indruk op hom gemaak het.

Na sy puik vertonings verlede Saterdag, is Nico Botha eerste gekeur onder die mans. Hy sal egter hard moet spook om sy baasskap teen Malan te behou. Laasgenoemde is tweede gekeur.

Die volledige keurlyste is as volg (mans): 1. N. Botha, 2. J. Malan, 3. E. Ferreira, 4. P. de Villiers, 5. A. Roux, 6. C. Conradie, 7. A. Stapelberg, 8. I. Hoffman. (Dames): 1. H. Burger, 2. R. Smith, 3. H. Shoch, 4. R. Fourie, 5. L. van der Merwe, 6. G. Fourie, 7. M. Ferreira, 8. L. Adendorf.

# STAATMAKERS KAMP UIT

„O, KOUD is die windjie en skraal" het die 82 Staatmakers wat die langnaweek op die walle van die Vaaldam in tente deurgebring het, gesug.

Hierdie Staatmakers het van so ver as Durban en Bloemfontein by Aljoe Fjord saamgetrek vir die eerste landswye Staatmakerkamp wat nog gehou is. Staatmakers is die mees gevorderde afdeling van die Voortrekkers en betrek almal wat reeds die skool verlaat het.

Die kamp is veral gehou om te besin oor die plek van die Staatmakers in die Voortrekkerbeweging. Lesings is egter ook gehou oor veldwerk en bekruipmetodes, wat toe die nag prakties toegepas is tydens die nagmars.

Ten spyte van die koue het die 18 Pukke wat daar was, die kamp terdeë geniet. Ná die „hartlike" verwelkoming kon dit ook nie anders nie, want toe die motors vol Pukke, wolmussies inskluis, stilhou, is hulle sommer dadelik deur 'n koerantman bestorm wat die „wolmus-brigade" van alle kante wou afneem.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

SOMER- EN WINTERMATERIALE
van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente
BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

# GROOT PLANNE VIR THEOS

**EERSDAAGS KRY die Pukke kans om werklik hulle slag te toon, as hulle teen die Universiteit van Parys te staan kom. Die Franse studente onderneem 'n toer van ses weke na die Republiek en speel teen bykans al die Suid-Afrikaanse universiteite.**

Ongelukkig is die toerplan nog nie gefinaliseer nie en sodoende is dit nog nie bekend op watter datum die Theos teen die Franse speel nie. Die wedstryd is aanvanklik vir die 22e Augustus beplan, maar dit val saam met Intervarsity.

Vertoë is egter tot die S.A. Rugbyraad gerig om die wedstryd te verskuif na die 15e Augustus, of die 5e September.

Volgens mnr. J. A. Steenkamp, sekretaris van die Wes-Transvaalse Rugbyunie, sal die toer ongeveer ses weke duur. Die besoekers sal reeds vroeg in Augustus hier aanland.

*Hierdie toer het moontlik geword, nadat die Universiteit van Oxford besluit het om sy toer na Suid-Afrika af te las. Die Parysenaars het reeds laat deurskemer dat hulle graag na die Republiek wou kom en hulle is toe uitgenooi.*

Die Pukke sal egter moet bontstaan teen die besoekers. Verlede jaar het hulle die nasionale tweede liga in Frankryk gewen en is vanjaar een van Frankryk se voorste klubs. Tukkies en Ikeys is egter vertroud met hulle spel, aangesien albei tydens hulle oorsese toere teen die Parysenaars gespeel het.

INTUSSEN IS die Theose se toerprogram na Rhodesië nou gefinaliseer en daar wag sommer 'n aangename tydjie op die Pukke. Hulle besoek aan Salisbury val saam met die van die All Blacks en vorm deel van die feesviering van die Rhodesiese Rugbyunie se 75e bestaansjaar.

Tydens die toer sal die Pukke aan twee interuniversitêre toernooie deelneem. Die eerste een vind in Salisbury plaas en vier universiteite, Tukkies, Wits, Kovsies en Puk, neem daaraan deel. Al die Suid-Afrikaanse universiteite, behalwe Maties en U.P.E., sal aan die tweede toernooi in Bulawayo deelneem.

Die toerspan, wat eersdaags aangewys word, sal vanjaar na Rhodesië vlieg en nie weer per trein reis soos in 1968 nie. Daardie jaar het die Pukke aan 'n soortgelyke toernooi in Bulawayo deelgeneem.

Die Puk se volledige toerplan is as volg:

11 Julie: Interuniversitêre toernooi in Salisbury.
13 en 14 Julie: Interuniversitêre toernooi in Buluwayo. Besoek aan die Victoria watervalle.
18 Julie: Wedstryd teen 'n klubspan van Buluwayo.
20 Julie: Wedstryd teen Salisbury Sportklub in Salisbury.
21 Julie: All Blacks vs. Rhodesië in Salisbury.
22 Julie: Wedstryd teen Polisie in Salisbury.

## PUKKE WAT PRESTEER

# *ELSA DE WET*

Mens kom nie aldag so 'n veelsydige sportvrou soos Elsa de Wet teë nie. In nie minder as drie sportsoorte word sy onder die bestes gereken nie.

Mevrou De Wet het reeds Springbokkleure in ringtennis en korfbal verwerf, terwyl sy provinsiale tafeltennis gespeel het. Ongelukkig het sy egter nooit op internasionale vlak meegeding nie.

Gedurende die afgelope paar jaar het Suid-Afrika nooit aan enige internasionale toernooie deelgeneem nie en mev. De Wet het onttrek aan die korfbalspan, wat Europa in 1968 besoek het.

Elsa was nooit 'n uitstaande uitblinker op skool nie. Sy het aan hokkie, korfbal, atletiek en tennis deelgeneem, maar uitstaande prestasies was daar nie.

IN 1961 is sy egter gekies vir die Suid-Transvaalse ringtennis en korfbalspan, en in 1963 kry sy haar Wes-Transvaalse kleure in tafeltennis.

Volgens mev. De Wet het sy eers in 1960 ernstig begin ringtennis speel. Sedertdien was sy egter reeds ses keer die Suid-Afrikaanse enkelspelkampioen.

Dit is haar korfbalprestasies wat haar bekend gemaak het. In



(Foto: Fotokuns)

1965 word sy 'n Junior Springbok en in 1968 word sy gekies vir die Springbokspan na Europa. Weens 'n geskil met die Suid-Afrikaanse Korfbalraad, moes sy egter aan die toerspan onttrek.

Elsa het egter verlede jaar die bordjies verhang en is gekies vir die Suid-Afrikaanse A-span. Hierdie span word gekies na afloop van die interprovinsiale toernooi.

Mev. De Wet is tans die studenteraadsekretaresse en draf vir die Pukke uit. Sy en Dalene van Dyk is ook gekies vir die Wes-Transvaalse span.

## MÔRE SE SPORT

**Rugby:**
P.U. vs. Strathvaal (Olënpark)
**Koshuisrugby:**
A-veld.
Over de Voor (3) vs. Drakenstein (4).
Over de Voor (2) vs. Dorp (2).
Over de Voor (1) vs. Dorp (1).
B-veld.
Drakenstein (4) vs. P.O.K. (3).
Drakenstein (2) vs. P.O.K. (2).
Drakenstein (2) vs. P.O.K. (2).
Drakenstein (1) vs. P.O.K. (1).
C-veld.
Hombre (2) vs. Kompleks (2).
Dawie Dup (3) vs. Landbou.
Hombre (1) vs. Kompleks (1).
**Dameshokkie:**
Karlien vs. Klawerhof.
Heide vs. Oosterhof.
**Netbal:**
P.U. vs. Wolmaransstad.
Karlien vs. Klawer hof.
Heide vs. Oosterhof.
**Manshokkie:**
P.U. vs. P.O.K.

**Onder-20:**
P.U. o/20 A vs. R.P.M. (R.P.M.).
P.U. o/20 B vs. Strathvaal (Park).

**GOEIE KOS! FLINKE DIENS! u tevredenheid is ons PLESIER!**

**BAILIEPARK PADKAFEE**

**(Langs die Johannesburg-pad geleë).**
Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**



# DRIEKUNS VIR BOTHA

**NICO BOTHA het verlede Saterdag die driekuns behaal in die P.U. se tenniskampioenskappe. Dit het hy reggekry deur in al drie die afdelings waarvoor hy kon inskryf, koning te kraai.**

In die eindrondte van die mansenkels was hy een teveel vir Pikkewyn Malan, verlede jaar se kampioen. Die telling was 6—3/6—2. Nico Botha het met 'n suiwer, vasberade spel vorendag gekom, terwyl Malan teveel foute vir 'n speler van sy formaat gemaak het. Dit het nooit gelyk asof Botha sou verloor nie.

In die damesenkels het Heloïse Burger haar titel van verlede jaar behou. In die eindrondte moes sy egter alles uithaal teen Retha Smith. 'n Kenmerk van dié wedstryd was dat dit 'n stryd vanaf die agterbaan was, want hulle het mekaar baie selde toegelaat om by die net uit te kom. Die eindtelling van 6—4/7—5 is 'n baie goeie weergawe van die verloop van die wedstryd.

Nico Botha en Chris Conradie het albei baie goed in die eindrondte van die mansdubbels gespeel. Hulle het vir Pikkewyn Malan en Izak Hoffmann redelik maklik in twee skoonstelle geklop. Ook in dié wedstryd was dit duidelik dat Malan nie op dreef kon kom nie.

Die eindrondte van die damesdubbels het nie vir veel hoogtepunte gesorg nie. In hierdie wedstryd het Retha Smith en Enid Rencken met 6—3/6—4 teen Linette van der Merwe en Louise Adendorff gewen.

Die eindstryd van die gemengde dubbels het aan Nico Botha sy derde en aan Heloïse Burger haar tweede titel van die dag besorg. In die eerste stel van hul wedstryd teen Pikkewyn Malan en Retha Smith was hulle 'n paar keer agter. Hulle het egter hul spel verstewig en die eindtelling was 7—5/6—3 in hul guns.

## PUKKE KRY SKERM-APPARAAT

DIE SKERMKLUB het onlangs 'n langgekoesterde ideaal verwesentlik, toe hulle elektriese skermapparaat in gebruik geneem het.

Hierdie apparaat word reeds in oefeninge gebruik om skermers daarmee vertroud te maak, aangesien elektriese apparaat ook tydens intervarsity en die S.A.U.-toernooi gebruik gaan word.

Die groot voordeel van hierdie apparaat is dat dit die beoordeling aansienlik vergemaklik. Sodra 'n deelnemer raakgesteek word, gaan 'n liggie aan en word 'n punt toegeken. Voorheen was daar vier hoekregters nodig om te beslis wanneer 'n skermer raakgesteek is.

## JUNIORS PRESTEER

TWEE PUKKE, Johan Kruger en Francois Schutte, is gekies vir die Suid-Afrikaanse junior landloopspan, wat vanaf 27 Junie tot 18 Julie, deur Suid-Afrika gaan toer. Hulle sal dan die geleentheid kry om teen Suid-Afrika se voorste veldatlete mee te ding.



**Heloise Burger, is saam met sewe ander Pukke, ingesluit in die Wes-Transvaalse span wat môre in Kimberley teen Griekwas speel. Die ander Pukke is Nico Botha, Johan Malan, Elmo Ferreira, Pieter de Villiers, Retha Smith en Riana Fourie.**

**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



**'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK**

**Groot voorraad**

**★ NUWE en VERSOOLDE bande**

**Versoling nou ook verkrygbaar in die**

**★ GOODYEAR G 800 loopvlak**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**

## REGSTELLING

DIT SPYT ons dat die vraelys waarvan melding gemaak is in die berig oor **huisvesting vir getroudes** nie in die laaste Wapad verskyn het nie. Belangstellendes sal nadere besonderhede in die advertensiekolomme van hierdie uitgawe vind.

**DIE WAPAD word gedruk vir die die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11 Potchefstroom. Tel. 3245.**